

STAPTOER 2019

Kortliks die reëlins vir Donderdag, 14 Maart 2019.

1. Ons stap weer in die omgewing van Wittenberg en sal by die koshuis eindig.
2. Die staptoer is vir alle kinders in die skool.
3. Ons nooi ook alle ouers om saam te stap. Dit sal weer 'n baie mooi roete wees. Ons is bly oor elke ouer wat saamstap. Voorskoolkinders is ook welkom, mits die ouers saam kom!
4. Ons sal sorg dat die kinders genoeg te ete en te drinke kry deur die dag. Terwyl hulle stap sal hulle water en vrugte kry. Vir middagete kry hulle 'n hamburger en 'n sap. As u as ouer die dag saam met ons deurbring en ook 'n hamburger wil eet, moet u asseblief so op die afskeurstrokie aandui en **R50** per hamburger saamstuur. **Die R50 geld slegs vir ouers en voorskoolkinders.** Dit sluit ook 'n sappie in.
5. Onthou. Die kinders wat slegs een vorm verkoop het betaal R50 en die kinders wat geen vorm verkoop het nie, moet R100 betaal vir die dag om die uitgawes van etes, vervoer en glybane te dek
6. Die twee skoolbusse van PP en PR asook Quantum, vertrek die oggend die gewone tyd en ry die gewone roete.
7. Ons kom almal om 7:00 by die koshuis bymekaar. Daarna gaan ons probeer om almal in die skoolvoertuie (2 x skoolbusse en Sprinter) in te pas. Ons vra dat ouers ons met bakkies help, die leerlinge na die beginpunt te bring. Die voertuie kan daar gelos word en dan weer later gekry word.
8. Sodra almal by die versamelpunt is, begin ons stap. Intussen sal die glybane, ens. opgestel word sodat die leerlinge dit later kan geniet. Die busse bring die leerlinge ook weer terug koshuis toe.
9. By die swembad sal altyd 'n personeelid aan diens wees om 'n ogie oor die kinders te hou. Ons sal bly wees as 'n paar ouers bereid sal wees om die personeel te help by die swembad. Ouers wat voorskoolkinders saambring moet asseblief na hulle eie kinders kyk.
10. Die busse vertrek die middag om 14:00.
11. As voorskoolkinders saamkom, moet ouers hulle vergesel. Onthou ook om kos en koeldrank vir hulle op die afskeurstrokie te bestel.
12. Die kinders hoef nie alles saam te neem na die versamelpunt nie. Die swemklere ens. kan die oggend by die koshuis gelos word. Vir die stap het hulle net hulle stapklere, hoed, ordentlike tekkies, sonskerm en water nodig. Daar sal langs die roete sap wees en appels om te eet.
13. Daar sal 'n snoepie wees by die koshuis.
14. Ouers moet asb. kennis neem: Die skool sluit Donderdag om 14:00. **m.a.w. Vrydag is geen skool nie.** Die rapporte word Vrydag per e-pos gestuur.
15. **NB! As die weer nie saamspeel nie, sal Donderdag en Vrydag (14 en 15 Maart) twee gewone skooldae wees!! Ons sal dan volgende kwartaal 'n geskikte datum vind vir die staptoer. Die skool sal dan op Vrydag, 15 Maart, om 11:00 sluit.**
16. Skakel my by 071 604 3344 as u onseker is oor die reëlins.

Groete,
Personeel

Vul asseblief die vorm in en stuur Maandag, 11 Maart terug skool toe.

1. Ek, ouer(s) van..... wil graag Donderdag saam stap. Aantal..... Ingesluit is R..... vir die Hamburgers. (R50 per Hamburger)
2. Ek,, ouer(s) van..... sal nie stap nie maar sal wel by die koshuis saam eet. Ingesluit is R..... vir die Hamburgers.(R50 per Hamburger)
3. As u kind allergieë het of enige medisyne moet drink, moet u ons asseblief laat weet en die nodige saamstuur.